Biddag vir Gesondheidsdienste

Sondag, 17 Oktober 2021

'n Reënboog help ons om te onthou dat God vir ons sorg en omgee. Die reënboog se kleure kan ons help om vandag saam te bid.

Reënboog skattejag

Soek iets in die huis in elkeen van die volgende kleure. Gebruik dié items om vir elkeen van die volgende sake te bid:

- ROOI - Dankie vir Jesus se liefde vir ons
- ORANJE - Ons bid vir diensbaarheid, geduld en nederigheid
- GEEL - Help elkeen wat bang of alleen voel
- GROEN - Ons bid vir siek mense en mense wat versorg moet word
- BLOU - Ons bid vir gesondheidswerkers - dokters, verpleegsters en noodpersoneel
- PERS - Ons stel ons vertroue in God, ons Koning, wat vir ons sorg
- PIENK - Ons bid vir veiligheid en gesondheid

Maak 'n reënboog

Verf of teken 'n helderkleurige reënboog en plak dit in julle huis se venster sodat mense van die straat af dit kan sien. As hulle vra waaroor dit gaan, vertel vir hulle hoe die reënboog 'n teken is van hoop en God se sorg.

Of maak 'n helderkleurige dankie-kaartjie om vir 'n gesondheidswerker te gee.

Verse om te onthou

Oor diensbaarheid:

Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. Markus 10: 43b-44

Oor bekommernisse:

Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus. Filippense 4:6-7